Nuwe Lied Bediening

Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprysing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, dié Gesalfde Een, die boodskap van יהוה-God is wat vlees geword het! Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende 'man hu' wat uit die hemel gestuur is en יהוה se Torah vervolmaak het. Sonder die Afgesonderde Gees wat in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!! **Yeshua is die hart van die Vader!!**

Parashah 33: ***B'chukkotai*** – Volgens My Insettinge

As julle volgens My reëls loop en My opdragte hou en dit doen – Lev. 26:3 [1]

Torah: Lev. 26:3 tot 27:34.

Haftorah: Jer. 16:19 tot 17:14.

Nuwe Verbond: Matt. 7:21-27; Rom. 1:18; Rom. 2:2-10; 2Kor. 6:14-18; Efes. 5:1-7; Kol. 3:1-10; 1Thess. 1:10 ; 1Thess. 5:9; Open. 11:18; Open. 14:10 en 19; Open. 15:1; Open. 16:1 en 19.

Hierdie notas is aanvullend tot vorige notas vir Parashah 33 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182.

Truth without love is brutality, and love without truth is hypocrisy – Warren Wiersbe.

Experience is a cruel teacher; first it gives the exam and then the lesson – Anonymous.

If you never admit that you are wrong, you are saying that you are no smarter now than you used to be – Kalman Packouz.

The truth may hurt for a little while, but a lie hurts forever – Anonymous

Torahbespreking

Hersiening

Ons het gekom aan die einde van die derde boek van die Torah, naamlik Levitikus (*Vayikra)*, wat hoofsaaklik die onderrig en instruksies is om rein en afgesonder voor יהוה te lewe. Dit vorm die basis vir 'n voorspoedige en ordelike samelewing wat יהוה se seëninge deelagtig sal wees. Daarom herinner יהוה vir oulaas Sy volk, voor hulle die tog na Kena'an aanpak, aan die

[1] Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

seëninge van gehoorsaamheid aan Torah en die vloeke van ongehoorsaamheid. Laastens onderrig God hulle in die gee van tiendes.

Vayikra beteken: *Hy het geroep*! יהוה het ons geroep om terug te keer na die hart van ons voorvaders Avraham, Yitz'gak en Ya'akov (Mal. 4:6) voordat die groot en vreeslike dag van יהוה aanbreek (Mal. 4:5).

In Die Voetspore

Ons voorvaders Avraham, Yitz'gak en Ya'akov het geglo in Yeshua, dié Gesalfde Een, wat sou kom (Heb. 11:13) en hulle het volgens יהוה se insettinge gewandel en Sy gebooie gehou en gedoen soos wat dit aan hulle openbaar was. Ons voorvaders se nageslag het Yisra'el geword uit wie dié Gesalfde Een gekom het. Gaan ons as geestelike Yisra'el in die voetspore van ons voorvaders en van ons Meester Yeshua wandel, of gaan ons dieselfde foute as Yisra'el van ouds maak? Daarom word ons daaraan herinner om tydens ons wildernistog in hierdie wêreld nie dieselfde foute te begaan as Yisra'el van ouds nie, want "hierdie dinge het gebeur as voorbeeld vir ons en is opgeskryf as 'n waarskuwing aan ons..." (1Kor. 10:11)

Onthou, en soos ons later in ons Torahstudie sal leer, het 'n hele geslag van Yisra'el weens wantroue en ongehoorsaamheid in die wildernis gesterf sonder om die Beloofde Land in besit te neem! Dit herinner ons aan die woorde van Yeshua toe Hy gesê het:

> **13** Gaan in deur die nou hek, want die hek wat na vernietiging lei is breed en die pad wyd en baie gaan in,
> **14** maar die hek is klein en die pad smal wat na die lewe lei en daar is min wat dit vind! Matt. 7:13-14.

En ook hierdie woorde van Yeshua moet as waarskuwing vir ons elkeen dien:

> **21** Nie elkeen wat vir My sê: 'My Meester, my Meester,' sal ingaan in die Koninkryk van die hemel nie, maar hy wat die wil van My Vader, wat in die hemel is, doen.
> **22** Op daardie dag sal baie vir My sê: 'My Meester, my Meester, het ons nie in U Karakter en Outoriteit (Naam) geprofeteer en in U Karakter en Outoriteit demone uitgedryf en in U Karakter en Outoriteit baie kragtige dade gedoen nie?'
> **23** Dan sal Ek vir hulle sê: 'Ek het van die begin van tyd af nie met julle 'n verbondsooreenkoms gehad nie. Gaan ver weg van My af, julle wat teen die wet werk! Matt. 7:21-23.

Ons weet uit ondervinding dat om ons liefdevolle Vader se onderrig en instruksies, soos dit in Yeshua vervolmaak is, ter harte te neem met 'n begeerte om daarvolgens te lewe, gaan gepaard met groot veranderinge, aanpassings en oorvloed kennis. Daarom glo ek ons kan almal met die volgende verduideliking van Norman Willis (www.nazareneYisra'el.org) identifiseer:

> *Most of us have gone through a lot of changes, and many trials. Most of us have suffered a lot of separation from family, and friends, and former fellowship, just to get where we are today. All I need to say to you is, "Let's keep going."*
>
> *It is a huge leap forward to realize that we are Yisra'elites, and that we need to both learn and keep the Torah. One Messianic friend described her time of transition as "trying to drink from a fire hose!" But it is essential never to think that we have arrived, just as Shaul did not think that he had attained, or was perfected.*
>
> *Philippians 3:12-15*

Not that I have already attained, or am already perfected; but I press on, that I may lay hold of that for which Messiah Yeshua has also laid hold of me. Brethren, I do not count myself to have apprehended; but one thing I do, forgetting those things which are behind and reaching forward to those things which are ahead, I press toward the goal for the prize of the upward call of Elohim in Messiah Yeshua.

It is a huge, huge, huge step forward to realize that we are Yisra'elites, and that we need to be both learning and keeping the Torah. However, we need to take the second step. And then the third step. And we need to keep walking.

If all we do is take a humongous step out of the church, but don't come all the way back to the original faith, and do the things that Yeshua commanded the Melchizedekian order to do, then have we truly left the church?

Ons moet onthou dat God vir Mosheh opdrag gegee het om na Farao te gaan met die versoek om Yisra'el vry te laat om uit Mitzrayim te trek sodat hulle יהוה in die woestyn kan dien. Die woestyn was die plek waar Yisra'el se gemoed vernuwe was om te dink, te praat en te doen soos wat in Torah voorgeskryf word. Mosheh se opdrag was nie om Farao te probeer 'bekeer' om in die God van Avraham, Yitz'gak en Ya'akov te glo nie. יהוה se opdrag aan Mosheh en Yisra'el was: Kom uit haar uit My volk!!

Ons is van die 'slawejuk' van die Christendom bevry om יהוה as koninklike priesters volgens die orde van Malki-Tzedek te dien en nie meer volgens die Levitiese priesterorde nie! Daarom moet ons versigitig wees om nie volgelinge van Rabbiniese Judaïsme te word nie! Die 'goeie pad' wat die profeet Yirmeyahu na verwys (Jer. 6:16), is die pad wat ons by ons eindbestemming sal bring, naamlik Yeshua dié Gesalfde Een as die Pad, die Waarheid en die Lewe (Joh. 14:6). Rabbiniese Judaïsme wys egter vir ons 'n ander pad en hulle weier om die pad van Yeshua as die Lam van God te loop!

> So sê יהוה: "Staan langs die pad en kyk en vra na die ou paaie, waar die goeie pad is en loop daarin en julle sal rus vind vir julle lewe, maar hulle het gesê: 'Ons sal nie daarin loop nie.' Jer. 6:16.

Aan die einde van hierdie goeie pad sal ons rus vind. Daarom het Yeshua gesê:

> **28** Kom na My toe, almal wat moeg gewerk is en gedwing word om laste te dra en Ek sal julle rus gee.
> **29** Neem My juk op julle en leer van My, want Ek is vredevol en nederig van verstand, wil en emosie en julle sal rus vind vir julle gees,
> **30** want My juk is aangenaam en My las is lig." Matt. 11:28-30.

In die lig hiervan kan ons die woorde van Sha'ul verstaan toe hy geskryf het:

> **4** want die einddoel van die geskrewe wet is dié Gesalfde Een tot onpartydige opregtheid aan elkeen wat vertrou,
> **5** want Mosheh skryf dat die man wat die onpartydige opregtheid praktiseer wat uit die wet is, volgens daardie onpartydige opregtheid sal lewe."
> **6** Die onpartydige opregtheid wat uit vertroue is, sê dit so: "Moenie in jou gedagtes, wil en verstand sê: 'Wie het opgegaan na die hemel en dié Gesalfde Een afgestuur;
> **7** wie het in die bodemlose put van Sh'ol neergedaal en dié Gesalfde Een uit die dood uit opgebring?' nie.
> **8** Daarteenoor, wat sê dit? "Naby jou is die antwoord, in jou mond en in jou verstand." Dit is die boodskap van vertroue wat ons verkondig:

> **9** as jy met jou mond ons Meester, Yeshua, verklaar en met jou verstand, wil en emosie vertrou dat God Hom uit die dood uit opgewek het, sal jy lewe hê,
> **10** want die verstand, wil en emosie wat in Hom vertrou, is onskuldig verklaar en die mond wat Hom bely, lewe. Rom. 10:4-10.

Yeshua is die einddoel van die geskrewe wet, want Hy het die Torah van Mosheh tot sy volheid gebring en vir ons die Torah van die nuwe verbond gegee, naamlik die Torah soos dit gefundeer is deur vertroue in Yeshua as dié Gesalfde Een! Die wat vashou aan die Torah van Mosheh is die kinders van die slavin Hagar en is oorgegee aan die Yerushalayim van nou wat steeds in slawerny is. Maar elkeen wat volgens die belofte die kinders van die vry vrou (Sarah) is, is waarlik vry en 'burgers' van die hemelse (toekomstige) Yerushalayim.

Sha'ul verduidelik dit soos volg:

> **22** Want daar is geskrywe: "Avraham het twee seuns gehad, een vanuit 'n slavin en een vanuit 'n vry vrou,
> **23** maar hy wat vanuit die slavin gebore is, is na die vlees gebore, maar die een vanuit die vry vrou deur die belofte.
> **24** Hierdie is 'n illustrasie van twee verbonde: een, wat kom van die berg Sinai, wat geboorte gee in slawerny: dit is Hagar,
> **25** want Hagar staan vir die berg Sinai wat in Arabië is en oorgee aan die Yerushalayim van nou, wat saam met haar kinders in slawerny is,
> **26** maar daardie Yerushalayim is die vry vrou: wat ons almal se moeder is, Gal. 4:22-26.

Ons moet dus dissipels (studentevolgelinge) van Yeshua wees en nie van Rabbiniese Judaïsme nie! Daarom moet ons onthou dat ons Meester Yeshua vir ons 'n opdrag gegee het toe Hy gesê het:

> **18** ..... "Alle outoriteit in die hemel en op aarde is aan My gegee en soos die Vader My gestuur het, so stuur Ek julle.
> **19** Gaan daarvolgens, maak studentevolgelinge van al die nasies, doop hulle in die Karakter en Outoriteit van die Vader en die Seun en die Gees wat Afgesonderd is
> **20** en onderrig hulle sodat hulle alles sal gehoorsaam wat Ek julle beveel het en let op, Ek is saam met julle al die dae tot aan die einde van die heelal. Dit is waar." Matt. 28:18-20.

יהוה, ons God en Vader, het ons elkeen geroep om *volgens Sy reëls te loop en Sy opdragte te hou en dit te doen*! Maar die vraag is ook: Leef jy en ek volgens dit waarvoor ons as werker in Vader se Koninkryk geroep is?

Bepeins of Bespreek:

1. Is hierdie opdrag van Yeshua nog die fokus in die Messiaanse Beweging of is die fokus op die verkryging van kennis van ons Hebreeuse wortels deur aan die voete van Rabbiniese wysgere te sit? Is hierdie versameling van kennis dalk 'n blote intellektuele oefening sonder die uitleef van dissipelskap soos die nuwe verbond ons leer? Is 'n gnostiese-gees besig om in die Messiaanse Beweging van mense besit te neem? In 'n artikel: 'BEWARE the Messi-Gnostic Spirit' skryf Norman Willis die volgende: *Those people possessed by this demon seem to have believed that so long as they know what Scripture says to do, they don't actually have to do it.* En verwysend na die vele klein 'kerklose' groepies wat orals bymekaar kom skryf hy: *In contrast to this, the Messi-Gnostic Torah is that all we need to do is to sit in a circle, read, and share insights.*

- Is daar waarheid in hierdie stellings?

- Wat doen jy, of julle as ‘n groep, om volgens Yeshua se opdrag die goeie boodskap van die Koninkryk te verkondig?

- Ons moet weer onsself opnuut vergewis van wat is Yeshua se definisie van dissipel! Lees ondermeer Luk. 14:26 tot 33.

Die Sleutel tot Lewe en Oorvloed

Lev. 26:3 is die sleutel wat die deur tot ware lewe en oorvloed oopsluit!

As julle volgens My reëls loop en My opdragte hou en dit doen,.....

Daarom is dit belangrik om die betekenis van sekere Hebreeuse woorde wat in hierdie teksvers gebruik word, te verstaan.

- יהוה se reëls (*insettinge;* Hebreeus: *chukkah*) se grondwoord verwys na dit wat op klip of metaal gegrafeer is en daarom verwys dit na die tien gebooie. Hierdie is die tien woorde (gebooie) wat op elkeen wat deur vertroue in Yeshua onpartydig en opreg verklaar is, se hart geskrywe word (Hebr. 8:10; Jer. 31:33). Dit is die tien pilare waarop al יהוה se onderrig en instruksies, Sy Torah, staan. Dit is יהוה se onpartydige opregtheid in Yeshua (2Kor. 5:21).

- Om volgens יהוה se reëls – in Sy insettinge – *te wandel* (Hebreeus: *halak*) verwys nie net na die fisiese aksie van stap nie, maar ook na die bestudering van Torah. Dit is om Torah dag en nag te oordink (Ps. 1:2; Jos. 1:8) en om deur Torah te ‘loop’. Dit is om Torah ‘te eet’ en dit heuningsoet te ervaar (Eseg. 3:3). Dit is ‘n soeke na die Vaderhart en om Sy liefde te beantwoord deur in gehoorsaamheid daarvolgens te wandel (Joh.14:21-23; 1Joh. 2:3-5).

- יהוה se opdragte (*gebooie*; Hebreeus: *mitzvot*) is die riglyne hoe om te lewe. Dit is die grense van wat afgesonderd (heilig; Hebreeus: *kodesh*) en nie afgesonderd nie (onheilig; Hebreeus: *chol*) is, asook die grense van wat rein (Hebreeus: *tahor*) en onrein (Hebreeus: *tamei*) is. יהוה se opdragte bepaal die grense waarbinne ons in vryheid sonder vrees kan lewe.

- Om die opdragte *te hou* (Hebreeus: *sh’mar*) is om dit te vertroetel, dit te beskerm, dit lief te hê, dit van onskatbare waarde te ag en derhalwe daaroor die wag te hou. Soos Dawid in die Psalms dit stel:

  1Gelukkig is die man wat nie lewe volgens die raadgewing van die wetsoortreders of staan op die pad van die sondaars of vertoef in die geselskap van spotters nie, **2** maar sy vreugde is in die wet van יהוה en hy deurdink Sy wet dag en nag. Ps. 1:1-2.

  Dan sal ek nie beskaamd staan, as ek al U opdragte uitgevoer het nie, en ek sal U opdragte, wat ek lief het, oordink. Ps. 119:6.

  Ek sal my hande oplig na U opdragte wat ek lief het en U instellings oordink. Ps. 119:47-48.

- Om יהוה se opdragte *te doen* (Hebreeus: *asah*) is om alles te doen wat Torah ons beveel om te doen. Dit is om יהוה se onpartydige opregtheid te doen.

  As die bose oortreder wegdraai van al sy sondes wat hy gedoen het en al My instellings onderhou, regverdig oordeel en onpartydige opregtheid toepas, sal hy sekerlik leef, hy sal nie sterf nie. Eseg. 18:21.

Opsommend: Ons bestudeer Torah met die doel om die onderrig en instruksies van יהוה te leer en ons leer dit met die doel om dit in ons daaglikse lewe toe te pas (te doen) en sodoende ons liggame te offer as ‘n lewende, afgesonderde en aan God ‘n welgevallige offer en die vernuwing van ons gemoed te ondergaan sodat ons weet wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is (Rom. 12:1-2).

Ons bestudeer nie Torah net met die uitsluitlike doel om ons kennis te vermeerder nie. Nee, ons wil die kennis toepas, want dit is bewys van ons vertroue in יהוה en bewys van ons getrouheid aan Vader-God. Alleenlik dan staan ons onder die sambreel van יהוה se seëninge. Geloof sonder werke is dood (nutteloos)(Jak. 2:14 tot 24). Ons bewys ons liefde vir יהוה deur gehoorsaamheid.

> **5** maar wie ook al Sy woorde voortdurend uitvoer, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword, want hieraan weet ons dat ons in Hom is:
> **6** hy wat sê dat hy voortdurend in Hom bly, vir hom is dit nodig om so te leef soos wat Hy geleef het. 1Joh. 2:5-6

Ons bestudeer, leer en doen Torah omrede dit die sleutel tot lewe en oorvloed is en sodat ons volmaak kan wees, volmaak gemaak vir elke goeie daad (2Tim. 3:17). Goeie werke kan ons nie red nie, maar dit maak wel van ons beter diensknegte (priesters).

Bepeins of Bespreek

1. Vertroue in Yeshua as dié Gesalfde Een, maar sonder om volgens God se reëls te loop en Sy opdragte te hou en dit te doen soos wat dit in Yeshua vervolmaak is, is ‘n ernstige misleiding! Vertroue in Yeshua het nie die Torah (die geskrewe wet) tot niet gemaak nie, maar dit wel bevestig (Rom. 3:31). Hoe bevestig dit die Torah? Is dit ondermeer omrede dit vir ons as gids bring tot by Yeshua sodat ons onskuldig verklaar kan word deur vertroue (Gal. 3:24-25)?

Seëninge en vloeke

Lev. 26:3-13 is ‘n beskrywing van al die seëninge wat op gehoorsaamheid sal volg. Daar is ‘n duidelike en direkte verband tussen gehoorsaamheid aan יהוה se Torah en die seëninge wat dit meebring. Lees ook Deuteronomium 28 in die verband.

In Lev. 26:14-39 vind ons egter ‘n beskrywing van die vloeke (oordele, strafgerigte) wat op ongehoorsaamheid sal volg. Ook hier sien ons die direkte verband tussen ongehoorsaamheid en vloeke. Met volhardende ongehoorsaamheid is daar egter ‘n toename in die intensiteit en omvang van die vloeke.

Daarom waarsku God hulle en sê: “Na dit alles, as julle My nie gehoorsaam nie, sal Ek julle sewe keer meer vir julle oortredinge straf.” (Lev. 26:18). Hierdie waarskuwing word ook in Lev. 26:21, 24 en 28 herhaal. Die viervoudige herhaling van “sewe keer meer vir julle oortredinge straf” onderstreep die uiterste belangrikheid van ‘n rein en afgesonderde leefwyse. Dit dien egter ook as bewys van יהוה se onverdiende guns en geduld. God gee altyd geleentheid om ons te bekeer en terug te keer tot gehoorsaamheid aan Sy Torah. Indien ons

egter nie gehoor gee aan Sy aanvanklike tugtuging nie, sal die omvang en gevolge van ongehoorsaamheid egter toeneem.

Dit herinner ons ook aan die feit dat Torah (die Woord) soos ‘n tweesnydende swaard is (Heb. 4:12):

> want die boodskap van God leef en is in alles genoeg en skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur tot by die skeiding van lewe, gees, gewrigte en van murg en beoordeel die motiewe en gewete van die verstand, wil en emosie.

Alles word blootgelê – selfs die bedoelinge van die hart (siel) en gees word ondersoek om te bepaal of die bedoelinge gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid is. Beide gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid se voedingsbron is die siel en die sintuie van die mens. Daarom is selfs ongehoorsame en onreine gedagtes ook die oortreding van Torah (Matt. 5:28) met dieselfde gevolge as die werklike fisiese oortreding!!

Die boek van Levitikus sluit dan af met hierdie gepaste woorde van Mosheh:

> Dit is die opdragte wat יהוה op die berg Sinai aan Mosheh, vir die seuns van Yisra’el, beveel het. Lev. 27:34.

Dit is dan ook die kernboodskap van Levitikus! Gehoorsaamheid!! Hierdie gehoorsaamheid is egter nie dit wat ons moet doen nie, maar dit wat ons uit liefde vir Vader-God, en Sy onverdiende guns in Yeshua, wil doen. Gehoorsaamheid is ‘n verbondverhouding, en dit is wat verbondvennote uit liefde doen! Dit is om te reageer op Vader-God se instruksies en deur vertroue Hom te volg soos Hy ons lei!

Hein Zentgraf gee die volgende pragtige verduideliking met beeldspraak van die ware betekenis van gehoorsaamheid. Hy noem dit “Balletskoentjies” en skryf:

> Met opleiding in ernstige (klassieke) en koormusiek, asook die pyporrel, is ek ook versot op opera, operettes en soortgelyke musiekuitvoerings en probeer om so veel as moontlik van hierdie vorms van optrede en uitvoerings by te woon. Vanaf my laat tienerjare het ek musiek gemaak in verskeie sekulêre orkeste, optredes by huweliksonthale, eredienste in verskillende kerke en verskeie ander optredes waar ek my talent nuttig kon aanwend. Tot ‘n klompie jare gelede was ek musiekleier by ‘n Sondagkerk, maar Abba het ander planne vir my gehad en my op ‘n heel ander roete gelei; Hy het my ook gedurende die afgelope jaar of twee hierdie vorms van vermaak in ‘n ander lig laat sien, soos ek vroeër vanaand beleef het...
>
> My vrou en ek het sopas teruggekeer van ‘n uitstekende ysskaatsvertoning van “Swanemeer” by die Teatro by Montecasino in Johannesburg. Die Imperial Ice Stars uit Moskou het hulself oortref in hul vertolkings en geen hand, voet of glimlag was uit plek nie.
>
> Gedurende die eerste toneel word mens bykans gehipnotiseer deur die foutlose optredes van die skaatsers – selfs die bose towenaar is indrukwekkend, totdat hy Odile inlei en aan die prins voorstel as ‘n moontlike huweliksmaat. Sy is ten volle in swart geklee en onmiddellik het ek besef hoedat ons, as gelowiges, flankeer met wêreldse dinge, sonder om te oorweeg hoe gevaarlik dit soms mag wees. Ons laat toe dat heidense gebruike, musiek, prentjies, TV-sepies en dies meer ons huise binnekom, alhoewel ons dink ons is sterk genoeg om dit te weerstaan. Steeds in die eerste toneel ontmoet Prins Siegfried vir Odette, die swaanprinses wat ‘n menslike vorm aanneem. Nog vele skitterende

skaats- en danstonele volg, waarna Odette wegvlieg nadat die prins sy liefde aan haar verklaar het.

Enkele oomblikke later kom sy terug, nie met haar ysskaatse nie, maar met balletskoentjies. Sy het die prins se liefde aanvaar en onderwerp haarself nou aan hom. Oombliklik, te midde van ernstige opruiende musiek, het ek ervaar hoe Ruach haQodesh my laat verstaan dat ons ook so behoort op te tree in ons lewenswandel...

Op die ysskaatsbaan, met haar ysskaatse, was sy ‘n top ballerina; sy kon grasieus enige plek op die ys beweeg met die minste moeite en teen hoë spoed. Tog, die balletskoentjies beteken niks op ys nie en derhalwe was sy onderworpe aan die prins – waarheen sy wou gaan, moes die prins haar neem en waar die prins gegaan het, moes sy saamgaan.

Hierdie is onderwerping in die hoogste graad – dieselfde onderwerping wat Abba van ons verwag. Op soortgelyke wyse moet ons ook ons ysskaatse uittrek, ons balletskoentjies aantrek en onsself onderwerp aan ons Prins – die Prins van vrede, die Een wat ons sal neem na waar Hy ons wil hê; die Een Wie ons sal optel en dra tot waar Hy ons kan gebruik.

Indien jy dit nog nie gedoen het nie, stel ek voor jy trek jou ysskaatse uit, trek jou balletskoentjies aan en onderwerp jouself ten volle aan Hom. Hy ken alreeds die Weg en verlang dat jy Hom onvoorwaardelik sal volg. Hy het ons geleer deur Johannes 14:15 “As julle My lief het, voer voortdurend My opdragte uit.”

Ek weet nie van jou nie, maar ek is gemaklik in my balletskoentjies!

Die oorspronklike artikel is in Engels in Desember 2015 geskryf en ‘n kopie kan by Hein aangevra word by: hein@zentgraf.org.

Bepeins of Bespreek

1. Lees Lev. 26:7-8: Is die belofte dat 5 Torahgehoorsame Yisra’eliete ‘n 100 sal laat vlug en ‘n 100 sal 10 000 laat vlug, ook ‘n les in die belangrikheid van eenheid tussen gelowiges? Is daar eenheid in die Messiaanse Beweging of misluk ons eweneens soos die Christendom deur verdeeldheid wat die beweging verswak en onefektief maak? Wat is die rede vir verdeeldheid?

2. Wanneer teëspoed ons tref, moet ons eerstens selfondersoek doen. Elkeen behoort te vra: Is ek nie die oorsaak van my teenspoed nie? Volgens navorsing word minder as 5% van mense wat gaan vir gebed vir genesing wel genees! Statisties is daar ook geen betekenisvolle verskil tussen Christene en nie-Christene ten opsigte van die voorkoms van siektes nie. Statisties ook geen betekenisvolle verskil in alkoholmisbruik, verslawing, egskeiding en seksuele immoraliteit tussen Christene en nie-Christene! Is dit bevestiging dat die leerstelling van die Christendom misluk het aangesien hulle slegs vertroue in Yeshua as dié Gesalfde Een verkondig en nie ook gehoorsaamheid aan Torah nie? Kan hierdie statistiek as bewys voorgehou word dat Vader-God gehoorsaamheid aan Torah vereis? Is Jes. 5:13-14 en Hos. 4:6 in die geval van toepassing?

3. Indien Joh. 10:10 in konteks gelees word, is die vraag: Wie is die dief en wat is dit wat hy kom om te steel, dood te maak en te vernietig? Verwys dit na die fisiese of die geestelike? Die meeste sal antwoord dat Satan die dief is, maar is dit korrek? Let egter op

wat in Joh. 10:1geskryf is. Probeer Rabbiniese Judaïsme om op ‘n ander wyse toegang tot die skaapstal van יהוה te verkry? Na wie se stem luister ons? Ken ons die stem van die Goeie Herder of luister ons na ander stemme? Wie is die huurling (vers 12-13) wat niks vir die skape omgee nie – wat nie bereid is om sy lewe af te lê nie? Daarom dan die ernstige waarskuwing in 2Joh. vers 7-11. Wie laat ons toe in ons (geestelike) huise?

4. Hoe kan ons, ons ‘huis’ (geestelik en fisies) beveilig sodat die dief nie kan kom om te steel, dood te maak en te vernietig nie? Is die antwoord in Jak. 4:7 – “Wees dan gehoorsaam aan God en staan op teen die teëstander?”

Wees sterk, wees sterk en word versterk!!

-o-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.